



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## VISUELE KUNSTE V2

## PRAKTIES

## 18 JULIE–28 OKTOBER 2011

**PUNTE: 100**

**TYD:** AFDELING A moet gedurende die derde kwartaal gedoen word. AFDELING B moet gedurende die vierde kwartaal gedoen word, onder gekontroleerde toesig, SLEGS by die skool, 18 uur.

**Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye.**
**Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   **AFDELING A: BRONBOEK/WERKBOEK/JOERNAAL**
   **AFDELING B: DIE KUNSWERK**

2. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A en AFDELING B.

3. Jou onderwyser moet hierdie eksamen bekendstel en fasiliteer.

4. In hierdie eksamen word daar van jou verwag om die volgende vaardighede te demonstreer:

   - Pas gevorderde benaderings onafhanklik en kreatief toe om idees in reaksie op 'n projek-opdrag te genereer
   - Demonstreer 'n gevorderde mate van tegniese vaardigheid met die gebruik van 'n reeks materiale en tegnieke
   - Los visuele en konseptuele probleme op in die skep van verbeeldingryke en innoverende kunswerke, met die gebruik van 'n persoonlike, ekspressiewe visuele taal
   - Bestuur tyd en die werksproses effektief en bied eie werk op 'n professionele manier aan wat die ekspressiewe en konseptuele impak van die werk versterk

5. Jou finale kuns praktiese eksamen vir graad 12 verteenwoordig die hoogtepunt van jou kunsstudies hierdie jaar. Jou kreatiwiteit, oorspronklikheid en vaardighede sal getoets word. Ons hoop dat jy dit sal geniet om hierdie kunswerk te skep en dat dit vars en oorspronklik sal wees en persoonlike ervaring sal uitdruk.

## AFDELING A: BRONBOEK/WERKBOEK/JOERNAAL

Die bronboek maak 'n belangrike deel van hierdie eksamen uit. Jy mag in die klas en by die huis daaraan werk. Dit bied insig in die manier waarop jy idees vorm, hoeveel alternatiewe jy ondersoek het en ander prosesse wat tot die finale werk lei. Jou bronboek moet jou denkprosesse duidelik kommunikeer.

***Jy MOET hierdie bronboek duidelik as eksamenwerk merk en saam met jou finale kunswerk aanbied.***

**Direkte kopiëring uit tydskrifte, die Internet, ensovoorts, word NIE toegelaat NIE. Direkte kopiëring van 'n visuele beeld wat nie jou eie is nie, SAL GEPENALISEER WORD. Dit is 'n vorm van plagiaat en is onaanvaarbaar.**

**Groot klem word geplaas op die proses van TRANSFORMASIE van die bronmateriaal.**

**As jy geskikte, ontleende beelde moet gebruik, moet jy dit met jou eie, oorspronklike beelde kombineer OM JOU EIE INTERPRETASIE TE ONTWIKKEL.**

Die bronboek is deel van jou kreatiewe reis om die finale werk te ontwikkel en moet jou kreatiwiteit as 'n kunsleerder weerspieël deur esteties opwindend en kreatief in die aanbieding te wees.

**Gebruik die volgende as 'n kontrolelys vir jou bronboek:**

| | |
|---|---|
| | Plak hierdie eksamenopdrag voor in jou eksamenbronboek. |
| | Sluit ten minste EEN bladsy met jou geskrewe voorstel/idee in. |
| | Sluit ten minste VIER bladsye in met ondersoeke en navorsing oor benaderings en/of idees, wat bronmateriaal soos sketse, tekeninge, foto's, visuele beelde, versamelde gedigte, lirieke en navorsing oor kunstenaars wat jou geïnspireer het. Alle materiaal moet verband hou met die ontwikkeling van jou werk en moet jou besluite staaf. |
| | Dit is belangrik om oorspronklike voorbereidings-/komposisiesketse en -tekeninge wat op jou bronne gebaseer is, te verpersoonlik en te skep. |
| | Sluit ten minste TWEE komposisietekeninge/-collages/-assemblages in. |
| | Sluit 'n nabetragting (ten minste EEN bladsy) in oor hoe jy jou projek ervaar, bestuur en voltooi het. |
| | As jou werk meer proses-georiënteer is, moet jy bewyse van die kreatiewe proses insluit deur middel van dokumentasie deur oorspronklike foto's, eksperimente en/of tekeninge. |

## AFDELING B: DIE KUNSWERK

Die eksamenwerk moet in die teenwoordigheid van die Visuele Kunste-onderwyser in die kunskamer voltooi word, deur 'n minimum van 6 uur en 'n maksimum van 18 uur te gebruik.

## ALGEMENE RIGLYNE

1. Daar word van jou verwag om EEN kunswerk te produseer IN DIE PRAKTIESE DISSIPLINE WAT JY HIERDIE JAAR GEKIES HET.

2. Jy kan jou werk aanbied as 'n enkele stuk of moontlik in die vorm van 'n diptiek, triptiek of 'n reeks werke wat as een kunswerk gelees kan word.

3. **Jy mag die kunswerk NIE uit die klaskamer neem NIE. Dit word as 'n eksamenonreëlmatigheid beskou.**

4. Jy mag die vraestel voor die begin van die eksamen met jou Visuele Kunste-onderwyser bespreek.

5. Daar is geen beperkings op grootte nie, maar die kunswerk moet beheerbaar en duursaam wees in terme van vervoer na die eksamensentrum, indien die provinsie dit vereis.

6. Onthou die belangrikheid van die elemente en beginsels van kuns soos lyn, vorm, kleur, tekstuur, ruimte, ritme, balans, harmonie, verhouding en komposisie.

7. Daar is geen spesifieke voorskrifte ten opsigte van die styl van die werk nie. Dit kan naturalisties, ekspressionisties, dekoratief, ensovoorts wees.

8. Jy mag ander media insluit om gemengdemedia-werk in enige van die praktiese dissiplines te skep.

**ASSESSERINGSKRITERIA**

NASIENERS/EKSAMINATORE KAN DIE VOLGENDE KRITERIA AS 'N RIGLYN GEBRUIK WANNEER NAGESIEN WORD:

**AFDELING A: BRONBOEK/WERKBOEK/JOERNAAL**

| **KRITERIA** | |
|---|---|
| Leerder se intensie/voorstel | 5 |
| Ondersoek van 'n verskeidenheid benadering(s) en idee(s) | 10 |
| Verkenning van en eksperimentering met materiale en tegnieke wat ten minste EEN tonale tekening moet insluit | 20 |
| Reflektiewe verslag (nabetragting) by voltooiing van finale praktiese werk | 5 |
| Aanbieding en algehele oorsig van die bronboek | 10 |
| **TOTAAL** | **50** |

**AFDELING B: DIE KUNSWERK**

| **KRITERIA** | |
|---|---|
| Keuse en gebruik van materiale/tegnieke | 10 |
| Gebruik van formele kunselemente | 10 |
| Geheelindruk van werk – oorspronklikheid, kreatiwiteit, innovering | 10 |
| Interpretasie en praktiese toepassing van navorsing | 10 |
| Voltooiing en aanbieding van kunswerk | 10 |
| **TOTAAL** | **50** |

| | |
|---|---|
| **FINALE PUNT: AFDELING A (50) + AFDELING B (50) ÷ 2** | **50** |

| ASSESSERINGSKRITERIA VIR PRAKTIESE WERK (VOO) | | |
|---|---|---|
| **Uitstaande** | 90–100 | Uitsonderlike vermoë; ryk; insigryk; vloeiend; hoë vaardigheid; waarneming en kennis kragtig uitgedruk; ondersteun deur 'n oorspronklike of ongewone keuse van relevante visuele bronne. **Uitstaande en oorspronklike aanbieding**. |
| **Uitstekend** | 80–89 | Treffende impak; meestal soos hierbo; gedetailleerd; goed georganiseerd en samehangend; afgewerk; vaardighede sigbaar; ondersteun deur oorspronklike/ongewone/relevante visuele bronne; aanbieding oorspronklik en deurdink; **'n paar klein gebreke sigbaar**. |
| **Baie goed** | 70–79 | Goed georganiseerd, soos hierbo, maar sonder 'lewendigheid en sprankel'; goeie vlak van bevoegdheid en keuse van inhoud; ondersteun deur 'n goeie keuse van relevante visuele bronne; duidelike sorg en moeite gedoen met oorspronklike aanbieding; **'n paar duidelike teenstrydighede/foute sigbaar**. |
| **Goed** | 60–69 | Interessante visuele aanbieding; duidelike oogmerk/doel; oortuigend; eenvoudige direkte gebruik van medium; toon begrip, maar neig somtyds na die gewone en stereotipe reaksie; genoegsame keuse van relevante visuele bronne; redelike moeite gedoen met aanbieding; **steurende/duidelike ongelykhede**. |
| **Gemiddeld** | 50–59 | Toereikend; voel meganies; afgelei of gekopieer; min insig; verbeeldingloos; 'n paar visuele bronne, maar nie altyd duidelik geïdentifiseer nie; aanvaarbare aanbieding; **baie steurende ongelykhede**. |
| **Ondergemiddeld** | 40–49 | Genoeg materiaal/werke om te slaag; nie logies gekonstrueer nie; 'n paar flitse van insig; beperkte keuse van inligting; swak tegniese vaardighede kan 'n bydraende faktor wees; min gebruik van visuele inligting; lomp of nalatige aanbieding; **het ondersteuning/motivering nodig om te slaag**. |
| **Swak** | 30–39 | Visueel oninteressant; onkreatief; beperkte/swak tegniese vaardigheid gebruik; min poging om inligting op 'n aanvaarbare manier aan te bied; min of geen visuele inligting/bronne; algemene gebrek aan toewyding; **het ondersteuning/motivering nodig om te slaag**. |
| **Baie swak**<br>**Druip** | 20–29 | Baie min inligting; deurmekaar; nie maklik om na te kyk nie; **min of irrelevante werk/visuele inligting**; geen poging aangewend om werk op aanvaarbare manier aan te bied nie; algemene gebrek aan toewyding/samewerking. |
| **Onaanvaarbaar**<br>**Druip** | 0–19 | Onsamehangend; **irrelevant, baie min of geen werk nie**; gebrek aan selfs beperkte vaardighede toegepas; geen toewyding/samewerking nie. |

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

**TEMA**

Hierdie tema is bedoel om jou te inspireer en uit te daag en is oop vir 'n wye spektrum van interpretasies binne jou spesifieke dissipline. Jou interpretasie behoort die hoogtepunt te vorm van die kreatiewe proses waarmee jy in graad 10 begin het.

# TUISTE




FIGUUR 1: Andrew Wyeth, ***Christina's World (Christina se Wêreld)***, olieverf op doek, 1948.

'n Tuiste word gewoonlik gesien as 'n woonplek of 'n toevlugsoord. Dit is die plek waarin 'n individu of 'n gesin kan rus en persoonlike besittings kan stoor. Dit verwys ook na jou land van herkoms en die plek waar jy grootgeword het. In hierdie sin verwys 'tuiste' na 'n fisiese plek, maar 'tuiste' kan ook na 'n geestelike of emosionele toestand van toevlug of gerief verwys, en nie na 'n fisiese toestand nie.

'n Tuiste kan snoesig, vredevol, veilig, warm en bekend wees. Dit word gewoonlik gesien as 'n plek van stabiliteit en veiligheid. 'n Tuiste kan ook 'n verdrietige ruimte wees, met ongemaklike herinneringe en verborge vrese. Kan jy onthou hoe bang jy was vir wat onder jou bed was, of vir die skaduwee agter die deur, toe jy 'n kind was?

Daar is baie rituele waaraan ons in die privaatheid van ons tuistes deelneem. Baie kulture, oud en modern, het huishoudelike gode/beelde wat hulle aanbid. Feng Shui is die ou Chinese kuns wat ten doel het om geestelike balans en geluk binne 'n ruimte te verseker.

Die woord 'tuiste' kan ook gebruik word vir verskillende tipes residensiële gemeenskappe waarin mense leef, soos verpleeginrigtings, aftree-oorde vir bejaardes, tronke vir misdadigers en kinderhuise.



FIGUUR 2: Rachel Whiteread, ***House (Huis)***, beton, voltooi Oktober 1993 en vernietig in Januarie 1994.

Rachel Whiteread se ***House (Huis)*** is 'n gietwerk van die hele drieverdieping-interieur van 'n koppelhuis in Oos-Londen.
'n Reusegeraamte van 'n huishoudelike ruimte is agtergelaat nadat die gebou met sement gevul is en die struktuur daarna óm die sementvulsel afgebreek is.

Die mens hou van gewoontes en daar is gevind dat die toestand van jou tuiste jou gedrag, emosies en algehele geestelike gesondheid fisiologies beïnvloed. Mense kan heimwee hê as hulle hul tuistes vir 'n lang tyd verlaat, soos om in 'n skoolkoshuis te gaan woon, in ballingskap te leef, ensovoorts.



FIGUUR 3: Siblihga Dama, ***When Father Comes Back (Wanneer Vader Terugkom)***, olieverf op doek, ongedateer.

Die geskiedenis van 'tuiste' in Suid-Afrika is 'n lang en dikwels moeilike storie, vanaf die konsentrasiekampe gedurende die Anglo-Boereoorlog tot die gedwonge verwydering uit gebiede soos Sophiatown gedurende apartheid tot die trekarbeider-mynwerkers wat in hostelle ('hostels') gebly het, ensovoorts. 'n Mens kan ook dink aan toenemende verstedeliking waar landelike en tradisionele tuistes agtergelaat is vir 'n beter lewe in die stede – wat plakkersdorpe en ander lae-inkomste-behuising tot gevolg gehad het. Alhoewel die Suid-Afrikaanse Grondwet verklaar dat '**elkeen die reg het van toegang tot voldoende behuising (artikel 26 (1))**' en meer as 2,3 miljoen behuisingseenhede sedert 1994 vir byna 11 miljoen mense beskikbaar gestel is, leef baie mense steeds sonder basiese geriewe soos lopende water en elektrisiteit. Tuistes in Suid-Afrika wissel van die luukse herehuise van die superrykes tot die eenvormigheid van die middelklas voorstedelike lewe, laekostebehuising en tradisionele, landelike tuistes tot plakkershutte en ander informele nedersettings.

Met betrekking tot 'tuiste' is daar ook diegene sonder 'n tuiste – die haweloses. Dit kan die gevolg wees van 'n keuse, of van ekonomiese en ander maatskaplike faktore. Hierdie mense, wat dikwels kinders insluit, is 'n bekende gesig in ons stede en dorpe.




FIGUUR 4: Lisa Brice, ***What is a Home Without an Armed Mother (Wat is 'n Tuiste Sonder 'n Gewapende Moeder)***, 1995. Linoleum, hout, gipsplaat.

Tradisioneel was die moeder die persoon wat die huishouding behartig het. Die huis was 'n plek vir vrouewerk, meer as enige ander plek.

Huise en tuistes is deel van 'n bedryf wat enigiets van argitektuur en binnenshuise ontwerp tot muurpapier en klein, dekoratiewe ornamente verskaf.

FIGUUR 5: ***Cluedo*** is 'n gewilde moordraaisel-bordspeletjie. Die doel van die speletjie is dat spelers strategies in die herehuis moet rondbeweeg, vermom as een van die speletjie se ses karakters, terwyl hulle leidrade bymekaar maak waaruit hulle moet aflei watter verdagte die speletjie se ewige slagoffer, dr. Black, vermoor het, met watter wapen en in watter van die nege vertrekke.




Tradisioneel kan 'n tuiste gewoonlik in openbare, privaat en werkruimtes opgedeel word, alhoewel hierdie ruimtes dikwels in baie huise geïntegreer word. Openbare areas sal sitkamers, eetkamers en voorportale insluit. Privaat areas sal slaapkamers en badkamers wees, terwyl werkruimtes kombuise, opwaskamers, ateljees, werkskamers en motorhuise kan insluit.

Daar is baie rituele wat ons in die privaatheid van ons tuistes onderneem. Die slaapkamer is 'n privaat ruimte wat nie gewoonlik aan besoekers gewys word nie. Die belangrikste item in die slaapkamer is die bed. Die bed is 'n wieg wat ons van geboorte tot die dood skommel; 'n verhoog waarop die lewe se belangrikste dramas ontvou.




FIGUUR 6: Jan van Eyck, ***Giovanni Arnolfini and his Wife (Giovanni Arnolfini en sy Vrou)***, 1435. Olieverf.
Die troue van Arnolfini, 'n sy-handelaar, en sy vrou, in hulle slaapkamer.



FIGUUR 7: Edward Hopper, ***Morning Sun (Oggendson)***, olieverf op doek, 1952.




FIGUUR 8: Frida Kahlo, ***The Dream (Die Droom)***, olieverf op doek, 1940.



FIGUUR 9: Adriaan van Zyl, ***Recovery Room (Hospital Time) (Herstelkamer [Hospitaaltyd])***, olieverf op doek, 2004.
Die kunstenaar het in 2006 na 'n lang stryd teen kanker gesterf.



FIGUUR 10: Zwelethu Mthethwa, ***Empty Bed Series (Leë-bed-reeks)***, lambda-afdruk, 2000.



FIGUUR 11: John Meyer, ***Thesis I and IV (Tesis I en IV)***, deel van 'n reeks van vier skilderye, gemengde media op doek, 2005.

John Meyer werk met opvolgende vertelling deur 'n reeks skilderye te maak wat elk deel vorm van die vertelling. Die skilderye is soos 'n segment wat uit 'n film se storiebord uitgehaal is. Volgens Meyer is dit 'n uitdaging om die skilderye raaiselagtig te hou omdat hy nie die hele storie wil vertel nie.



FIGUUR 12: Edward Kienholz, ***State Hospital (Staatshospitaal)***, installasie, 1964–1966.

Hierdie is 'n tableau van twee figure wat op 'n stapelbed lê. Die ellendige liggaam op die onderste bed lyk asof hy slegs droom van die identiese ellende van die pasiënt bokant hom, deur middel van die neon-'spraakborrel'. Dit is 'n selfbeeld van die sielsieke met 'n goudvissie wat in sy kop van glas swem. Die figure word in 'n konstruksie van 'n sel, gevul met die tipiese hospitaalreuk van eter, geplaas. Die kyker ondervind 'n volskaalse omgewing van die tragedie van die sielsieke.



FIGUUR 13: Jan van der Merwe, ***Wag (Waiting)***, geroeste metaal, gevonde voorwerpe en klere, 2000.

Die werk bestaan uit 'n bed met 'n trourok daarop en 'n hangkas met rokke wat daarin hang. Die rokke wat in die 'doringdraad-hangkas' hang, is metafories van die konsentrasiekampe waarin vroue en kinders gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899–1902) aangehou is en hulle het hierdie geskiedkundige verwysing versterk. Dit kan ook verwys na daardie hedendaagse vroue en kinders wat vasgevang bly in situasies wat voortspruit uit armoede en sosiale opwelling. Die kunstenaar se strategie om werklike of 'reële' voorwerpe (die bed en rokke) te gebruik en om hulle met dun lae geroeste tin te bedek, bevestig die geskiedkundige 'plasing' van die tableau.

**Hierdie tema is oop vir baie interpretasies. Dit kan beskrywend, simbolies of metafories wees. Gebruik jou navorsingsmateriaal en vind 'n oorspronklike en kreatiewe oplossing om 'n ware individuele interpretasie van TUISTE te skep.**

Onderwysers moet die vooraf dinkskrum/navorsingsproses fasiliteer.

**Jy mag die volgende in verband met die idee van 'TUISTE' oorweeg:**

- Persoonlike ruimte
- Fisiese ruimte
- Emosionele ruimte
- Geestelike gevoel van tuiste
- Herinneringe van tuiste
- Ekonomiese faktore
- Sosiale kwessies wat verband hou met tuiste/haweloosheid
- Kortstondigheid (Vlugtelinge: 'Ek dra my tuiste op my rug.')
- Betekenis en geskiedenis van die huishoudelike (dikwels vroulike) ruimte
- Die verhouding tussen openbare en privaat ruimtes – slaapkamers, hangkaste, badkamers, ensovoorts
- 'n Spesifieke kamer en sy funksie
- Gevoelens van geborgenheid of vrees; veiligheid of gevaar
- Die materiale en fisiese strukture van 'n tuiste

**Skep 'n kunswerk waarin jy jou stories, idees, emosies en gedagtes wat met tuiste te doen het, deel.**

**Die volgende vraelys sal jou 'n paar idees gee oor hoe om in jou bronboek/ werkboek/joernaal te begin konseptualiseer. Jou onderwyser kan hierdie proses fasiliteer.**

1. Begin met 'n uitgebreide breinkaart en gebruik die woord 'tuiste'. Oorweeg die moontlikhede, byvoorbeeld privaat ruimte, openbare ruimte, emosionele ruimte en werkruimte.

2. Gebruik die volgende vrae as 'n riglyn om verdere idees te genereer:

   - Wat beteken tuiste vir jou?
   - Wat is jou gunstelingplek by die huis/jou tuiste?
   - Wat is die plek waarvan jy die minste hou?
   - As mure kon praat, watter stories sou jou huis vertel?
   - Hoe het kunstenaars, skrywers en adverteerders die tuiste in die verlede en vandag verteenwoordig?
   - Wat is 'n vrou se plek in die tuiste/huis? Wat is 'n man of kind se plek in die tuiste/huis?
   - Onthou jy die huis waarin jy as kind gewoon het?
   - Het jy tussen die pote van 'n skynbaar reusagtige tafel gespeel en kan jy die reuk van die vloerpolitoer onthou?

3. Ten slotte, oorweeg die volgende:

   - Intensies/Bedoelings, doelwitte of idees wat jy graag wil oordra
   - Beelde wat jou intensies die beste sal uitdruk
   - Media wat hierdie idees suksesvol sal kan oordra
   - Tegnieke wat die geskikste sal wees vir jou media en idees
   - Grootte, formaat en aanbieding wat by jou idees sal pas

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou